Tema: Die roeping van een liggaam wat met een Brood gevoed word: Hou by Hom as jou enigste geestelike kos.

Skrifvoorlesing: 1 Korintiërs 10:1-22
Teks: 1 Korintiërs 10:17

"Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood."

Dit is biologies gesien nogal so dat "'n mens is wat jy eet". Toegegee, 'n mens se gene speel 'n groot rol, want die een mens is allergies vir kos wat vir die ander goed doen.

Met ons geestelike brood, Christus is dit egter anders. Hy is goed en voedsaam vir almal wat Hom "eet". Wie in Hom glo en Hom toelaat om jou geestelik te vul, sal vind dat jy nooit "allergies" vir Hom raak nie. Inteendeel, jy sal geestelik bly groei en al meer vrug dra. Verder is dit so dat almal wat van Hom die ware (ewige) lewe ontvang, in hierdie wêreld reeds uitstaan as "een liggaam" wat met "een brood" gevoed word. Hulle word uitgeken aan die werke waarmee hulle Hom verheerlik.

Die probleem kom egter wanneer mens Hom saam met geestelike "gemorskos" eet – soos sommige van die Korintiërs gedink het hulle kan maar "*aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bose geeste"* deelhê. Hiervan is ons geestelike voorvaders (Israel in die woestyn) vir ons 'n waarskuwing. Hulle het gedink hulle kan Christus hulle geestelike voedsel en drank maak en hulle ter selfder tyd aan "uitspattighede" (v 7) en "onsedelikheid" (v 8) oorgee. Hulle het gedink hulle deel van die volk van God wees en Hom nogtans "uittart" (v 9) en "teen God in verset kom" (v 10).

Sulke geestelike vraatsug vernietig jou geestelike lewe. Dit het gemaak dat die meeste van hulle in die woestyn gesterf het en nie die beloofde Land ingegaan het nie, al het hulle almal "die doop" van die see deurgegaan (v 1,2). Daarom dien hulle vandag nog vir ons ook as waarskuwing om wanneer ons uit Christus leef, Hom alleen ons geestelike voedsel en drank te laat bly.

By nabetragting:

Teks: 1 Korintiërs 10:12,13

"Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan."